

Lees die storie wat 'n deel vorm van die lewensverhaal van 'n vrou met die naam Cheri. Sy was ouer as 50 toe sy dit geskryf het.

Ek was 10 toe ons na Suid-Afrika verhuis het. Ma het altyd met Pa baklei, maar ons het nie geweet hoekom nie. Ek reken sy het al haar frustrasies op my uitgehaal. Sy het my oor die kop geslaan as ek nie die skottelgoed perfek gewas het nie. Sy het my met 'n dik stok op my bobene geslaan as ek nie die klere perfek gewas het nie. Sy het my geslaan as ek praat, of as ek nie praat nie. Sy het my geslaan as my suster seergekry het by die skool, of haar sokkies verloor het. Maar nooit voor Pa nie. Ek was te bang om hom te sê en ek het gedink dit is maar normale gesinsgedrag. Ek het as 'n eenkantmens grootgeword ... pynlik skaam – wat Ma woedend gemaak het. Sy het vir my gesê ek was lui, dom, boos, belaglik, hulpbehoewend, onopvoedbaar en te groot vir my skoene.

Toe ek 15 was, is Pa skielik dood. Ek was heeltemal verbyster! Die enigste persoon wat my liefgehad het, was vir ewig weg... my grootste nagmerries is bewaarheid. Ma het die hele dag lank op my geskreeu. Sy het my gedwing om na skool ons houtvloere op my hande en knieë te poleer, al ons wasgoed in die bad met die hand te was en die skottelgoed na aandete te was. Dit alles na skool. Sy het my gekeer om maats te hê en gesê hulle het 'n slegte invloed op my. Ek was depressief, uitgeput, bang en te veel van 'n introvert om iemand te vertel. My paar maats by die skool het nooit geweet nie, al was hulle bang vir my ma. Die probleem was; ek was nog banger vir haar!

Ek is 'n jaar later op 16 getroud net om van die huis af weg te kom. Dit was 'n ramp, maar ek sou eerder doodgaan as om terug te keer huis toe. Ek is van een ongelukkige verhouding na die ander, desperaat vir liefde en aanvaarding...

verbyster – baie, baie hartseer

introvert – hou nie daarvan om met ander oor jou probleme te praat nie

Vrae

- 1 Verduidelik hoe Cheri liggaamlik, sosiaal en emosioneel gely het, selfs al was sy nie naby haar ma nie.
- 2 Hoekom dink jy het Cheri so jonk getrou? Gee minstens 3 redes.
- 3 Hoe het die misbruik Cheri se verhouding met haar maats en haar vermoë om sosiaal te verkeer, beïnvloed?

Jou onderwyser sal jou antwoorde informeel assesser om te sien of jy die konsep van gevaarlike situasies verstaan en wat jou houding tenoor mishandeling is.